Laerskool Roodekrans

BRIEF: 20160212

BELANGRIKE NETBALINLIGTINGSBRIEF 11 Februarie 2016

Geagte Ouers

Teken asb. die volgende belangrike datums aan en neem kennis van die inligting rakende die netbalseisoen.

OEFENING EN PROEWE:

- Oefening vir **0/6 – 0/13** begin amptelik op **Maandag, 15 Februarie 2016.**
- **Atlete wat nog deelneem aan kampioenskappe word verskoon.**
- Slegs speelsters wat van 13:00 en 13:30 af in die eerste sessie oefen mag tydens 2de pouse hul oefenklere aantrek. (Dit is om tyd na skool te spaar sodat ons so spoedig moontlik kan begin oefen.)
- 0/12 en 0/13 Speelster mag slegs **na skool** hul oefenklere aantrek, behalwe as hulle LO na tweede pouse gehad het en die korrekte LO-klere van die skool aanhet.
- **0/8 en 0/9** doen opwarmingsoefeninge vanaf 13:30 (direk na skool) tot 14:00 op die onderste **grasbane**. Hulle oefen van 14:00 tot 15:00 op die onderste weervaste bane.
- Speelsters moet asseblief tydens oefensessies hul eie netbalbal (gemerk) en 'n springtou saambring bane toe.
- (**0/6 – 0/9** speel met 'n nommer **4** -bal) en (**0/10 – 0/13** speel met 'n nommer **5**- bal).
- **Hoogtes van netbalpale:** 0/6 - 0/10 se paal is 2,5 m van die grondoppervlakte af.
  0/11 - 0/13 se paal is 3,05 m van die grondoppervlakte af.
- Trek gemaklike oefenklere na oefensessies aan.
- "Weervaste baantekkies" / "Court shoes" met veters en kouse is verpligtend.
- Onthou 'n waterbottel en sonroom. (Hoed is opsioneel.)
- Wees betyds en maak **verskoning** by die afrigter indien jy nie 'n oefening kan bywoon nie.
- Speelsters sal slegs wedstryde kan speel as hulle getrou al die oefeninge bywoon. (Teenwoordigheidsregister word gehou. Minimum van 80% bywoning vir deelname sertifikaat.)
- Wag asseblief totdat die spanne aangekondig is alvorens u die skoolnetbaluniform by ons klerekas gaan aankoop.

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net

Laerskool Roodekrans

- **Massadeelname** vir 0/6 – 0/8. Speel wedstryde op 'n rotasiebasis.
- Proewe vir **0/10- Ligaspanne** sal plaasvind op **18 Februarie 2016** tydens geskeduleerde oefentye.
- Proewe vir **0/9 Mini-Netbalspanne** sowel as **0/11 – 0/13 Ligaspanne** sal plaasvind op **22 Februarie 2016** tydens geskeduleerde oefentye.

  (Ouers mag wel tydens die proewe hul kinders kom ondersteun.)
- Wees verseker dat ons die proewe uiters professioneel hanteer en van kundige keurders gebruik maak. Vertrou asseblief ons oordeel.
- Spankeuses is nooit 100% finaal nie en speelsters mag op-en af geskuif word soos wat hulle vordering toon en hul vaardighede verbeter. Die besluit berus by die afrigters watter kombinasies die beste vir die SPAN sal wees.
- Ons nooi u uit om enige tyd met die afrigters of met die onderskeie netbalorganiseerders te kom gesels indien u iets op die hart het of onder ons aandag wil bring.
- **Vriendelike versoek dat geen ouers tydens oefensessies langs die bane sal stelling inneem nie.**
- **Geen ouer mag tydens enige wedstryd (vooraf of halftyd op die baan gaan nie.) Selfs nie as jou kind beseer is nie. Die nodige hulp sal verleen word.**

OEFENDAE EN OEFENTYE

Maandae, Dinsdae en Donderdae				
	BOONSTE BANE		ONDERSTE BANE	
Tyd	**Baan 1**	**Baan 2**	**Baan 3**	**Baan 4**
13:00 - 14:00	0/6	0/6	0/7	0/7
13:30 - 15:00	0/8	0/9	0/10	0/11
15:00 - 16:30	0/12	0/13	0/12C + 0/13C	0/10C + 0/11C

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net

Laerskool Roodekrans

AFRIGTERS: MINI-NETBALSPANNE

0/6	0/7	0/8	0/9
Me. V Preiss	Me. T J van Rensburg	Me. A Rousseau	A - Me. S Fourie
Me. U Botha	Me. R G Rey	Me. J van Wyk	B - Me. D van Zijl
Me. M Nieuwoudt	Me. A Lemmon	Me. I Smit	C - Me. B van Biljon
	Me. A Roussow	Me. M Bergsma	

AFRIGTERS: LIGASPANNE

0/10	0/11	0/12	0/13
A - Me. H Oosthuizen	A - Me. M van Heerden	A - Me. A Hattingh	A - Me. D Lues
B - Me. A Gibhard	B - Me. P Oosthuyzen	B - Me. C Gerber	B - Me. A Butner
C - Me . C Kotzé	C - Me. L du Toit	C - Me. M Geldenhuys	C - Me. M Marais

SPORTISIMO – NETBALKAMP 11 – 13 Maart 2016:

Ouderdomsgroepe: 0/9 A,B,C – 12 A,B,C en 0/13 B,C

Soos u reeds verlede jaar in kennis gestel is, vind ons Netbalkamp vanaf 11 – 13 Maart 2016 by "KONKA KAMPE" se terrein plaas. Die afrigters en speelsters word weer gelei en afgerig deur die bekwame en kundige span afrigters van SPORTISIMO, onder leiding van Dr. Elsje Jordaan. (Protea -afrigter)

Ons doen asseblief 'n beroep op u dat **elke A-,B -en C** - spanspeelster hierdie kamp sal bywoon. Behalwe dat dit 'n uiters leersame kamp is, geniet die speelsters dit ongelooflik baie en doen beslis lewenservaring op.

Elke span word deur hul eie afrigter vergesel.

KOSTES:

- R 1 350 per speelster wat van busvervoer gebruik gaan maak.
- R 1 200 per speelster wat nie van busvervoer gebruik gaan maak nie. (Eie vervoer)
- Kampgelde is asseblief betaalbaar voor of op 4 Maart 2016

Sodra die proewe afgehandel is en die spanne gekies is, sal die speelsters 'n brief ontvang met al die nodige kampinligting.

Groete

Me. S Fourie
Netbalorganiseerder

Mnr. G. G Rousseau
Hoof

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net

Laerskool Roodekrans

BELANGRIKE NETBALDATUMS

DATUM	AKTIWITEIT	PLEK
15 Februarie	Netbaloefening begin (0/6 – 0/13)	Roodekrans
15 Februarie	Verpligte Ouerinligtingsaand om 18:00.	Skoolsaal
16 Februarie	Geen oefening (Afrigters woon 'n kursus by)	
18 Februarie	Proewe vir 0/10	Netbalbane in oefensessie
22 Februarie	Proewe vir 0/ 9; 0/11; 0/12 en 0/13	Netbalbane in oefensessie
23 Februarie	Aankondiging van A,B en C spanne.	
23 Februarie	Netbalkampbriewe word uitgedeel.	
26/27 Februarie	Best of the West Netball Challenge (KHS) Slegs 0/10 A - 0/13A	Krugersdorp High School
4/5 Maart	Mini-Netbalkliniek: 0/7 en 0/8	Roodekrans
10 Maart	Vriendskaplike wedstryde teen Wierdapark. (0/10 – 0/11 A,B,C) (0/12 en 0/13 B,C)	Roodekrans
11 – 13 Maart	Netbalkamp: Sportisimo	Konka Kampe
15 Maart	Vriendskaplike wedstryde teen Laerskool Rooihuiskraal. (0/10 – 0/11 A,B,C) (0/12 en 0/13 B,C)	Roodekrans
15 Maart	0/12 en 0/13 Proewe	
17 Maart	0/12 en 0/13 Proewe	
7 April	0/12 en 0/13 JOMO proewe	
9 April	"Netball Festival" 0/10 A,B,C – 0/13A,B,C	Maragon
13 April	Mini-Netbal Festival	
20 April	Mini-Netbal Festival	
4 Mei	Mini-Netbal Festival	
14 April tot 19 Mei	Ligawedstryde c(0/10 – 0/13): Datums volg later.	
26 Mei	Ligawedstryde wat uitgereën het Religasiewedstryde	
8 Junie	JOMO: Distrik- en Streeksuitspele	Krugersdorp High School

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net

Laerskool Roodekrans

BELANGRIKE NETBALDATUMS (VERVOLG)

DATUM	AKTIWITEIT	PLEK
10/11 Junie	JOMO-Liga: Finale streekuitspele	Maragon
18 Junie	GAUTENG Skole Kampioenskappe	
29/30 Julie	NSA-Kampioenskappe	
22 September	GSS Awards	

LET WEL!! **Datums onderhewig aan verandering.**
Het nog nie alle datums ontvang nie. Ons sal u in kennis stel sodra ons die nodige inligting bekom.
Mini-Netbal: Daar gaan verskeie "Festivals" vir 0/7 tot 0/9 plaasvind. Datums volg later.

Groete

SUZANNE FOURIE
NETBALORGANISEERDER

G. G ROUSSEAU
HOOF

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net